# Jaarverslag 2014

# Wynbedryf

## SA Jongwynskou

Die SA Jongwynskou bied wynmakers die geleentheid om hulle beste wyne van die huidige oesjaar te vertoon.

Die skou dateer uit 1833 toe Kaap die Goeie Hoop Landbougenootskap die eerste wynskou in Suid-Afrika aangebied het. Dit maak die SA Jongwynskou die oudste wynkompetisie in Suid-Afrika.

Die doel met die SA Jongwynskou is om die kwaliteit van wyne te beoordeel wat steeds in hulle kinderskoene is - in die jaar van produksie - voordat die wyne finaal versny en gebottelleer word. Op hierdie wyse gee die bedryf erkenning aan die produksievermoëns van 'n kelder. Min van hierdie wyne is te koop of reeds in hul finale vorm ten tye van die beoordeling.

Die agt deelnemende wynstreke is Robertson, Worcester/Breedekloof, Stellenbosch, Paarl, Oranje-Vaal, Olifantsrivier, Swartland en Klein Karoo, en kampioene word aangewys in die volgende kategorieë: Chenin Blanc, Sauvignon Blanc, Chardonnay, Sémillon, Ander Wit Kultivar, Droë Wit Versnit, Soetwyne, Edellaatoes, Pinotage, Shiraz, Cabernet Sauvignon, Merlot, Ander Rooi Kultivar, Droë Rooi Versnit, Port, Dessertwyn en Muskadel.

Benewens die 17 SA Kampioene is die indrukwekkende Generaal Smuts Trofee – wat in 1952 vir die eerste keer toegeken is – aan die SA Kampioen Jongwyn, en die Pietman Hugo Trofee vir die kelder met die hoogste punte vir vyf beste inskrywings, ook op die spel. Hierdie jaar het Diemersdal die Generaal Smuts Trofee met hulle Sauvignon Blanc (gehout) gewen en die Pietman Hugo Trofee is toegeken aan Bon Courage. Die toekenningsgeleentheid is deur die Swartland Streek aangebied.

Inskrywings word deur spesialispanele van sewe beoordelaars geproe. Beoordelaars is wynmakers of wynkundiges met ‘n formele proe-kwalifikasie en spesialiskennis van spesifieke wynstyle. ‘n Agste junior paneellid het vir opleidingsdoeleindes by hierdie spanne aangesluit.

## Veritas

Die Veritas Toekennings is die toonaangewendste wynkompetisie in Suid-Afrika en is sinoniem met top kwaliteit wyne. Die organiseerder, Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging (SANWSV), verteenwoordig die totale bedryf. Agri-Expo, as vennoot van die SANWSV, borg die toekenningsdinee.

Na byna twee dekades het die Veritas Toekennings sy reputasie as een van Suid-Afrika se mees gesaghebbende en betroubare kompetisies vir markklaar wyne verdien. Die Toekennings, met die Veritas embleem, is sinoniem met gehalte wyne. Die eerste Nasionale Gebottelleerde Wynskou in Suid-Afrika is deur die SANWSA in 1990 begin en in 1991 is die naam verander na die Veritas Toekennings.

Hierdie jaar is 1792 wyne en brandewyne ingeskryf wat almal hulle visier op die gesogte dubbelgoud Veritas medalje gehad het. Na vyf dae se intense beoordeling, is 1442 medaljes toegeken: 68 (3.7%) uitstaande produkte is met dubbelgoud bekroon, terwyl 166 (9.2%) goud gewen het, 526 (29.3%) silwer en 682 (38%) brons.

KWV het weereens getriomfeer as beste wynprodusent by hierdie jaar se Veritas met nie minder nie as vier dubbelgoue medaljes en 13 goud. Nederburg was kort op hulle hakke met vier dubbelgoud en nege goue medaljes, gevolg deur Boplaas Familie Wyne met vier dubbelgoud en ses goud en De Grendel met drie dubbelgoue medaljes. In die kategorie vir brandewyn, het Van Ryn's voorgestap met drie dubbelgoud, gevolg deur Boplaas, Oude Meester, Klipdrift Gold en Flight of the Fish Eagle met een dubbelgoue medalje elk.

# Suiwelbedryf

## Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe

Suid-Afrika se eerste suiwelkompetisie is 180 jaar gelede deur Agri-Expo begin toe deelnemers meegeding het om die titel van Beste Nabootsing van 'n Nederlandse Kaas. Hierdie jaar het 68 produsente 821 produkte ingeskryf in kategorieë vir botter, kaas, maaskaas, jogurt, gegeurde melk, suiweldoopsouse, roomys en suiwelnagereg. Die beoordeling is vanjaar geborg deur DuPont en het op 13 Maart 2014 in die Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum plaasgevind.

'n Span van 58 beoordelaars vanuit ses provinsies met die reuse taak om honderde produkte te proe en evalueer, het bestaan uit kundiges op die gebied van kaas, kosstrukture en sensoriese evaluasie. Gevierde sjefs en kosskrywers het ook deel uitgemaak van die paneel verantwoordelik vir die beoordeling van die produkte.

'n Nuwe kategorie vir roumelkkaas is verlede jaar geskep en daar was vanjaar reeds 'n styging van 52% in inskrywings vir hierdie kategorie. Verder het die aantal bokmelkprodukinskrywings gestyg van 14% in 2008 tot 27% vanjaar.

## DuPont Qualité Toekenningsdinee

Die Klein River Cheese Grana,'n stadig verouderde harde kaas, is tydens die DuPont Qualité Toekenningsdinee op 23 April aangewys as 2014 se Suiwelproduk van die Jaar.

Hierdie eerbewys, tesame met die gesogte Qualité kwaliteitsmerk wat 'n handjievol top suiwelprodukte bo die res uitlig, verteenwoordig die SA Suiwelkampioenskappe se hoogste eer. Die kompetisie het vanjaar sy 180ste herdenking gevier.

Vyftien uithaler suiwelprodukte spog in 2014 met die Qualité kwaliteitsmerk. Vanjaar het Lancewood voorgeloop met nie minder nie as vier Qualité's met Marcel's Frozen Yoghurt kort op hul hakke met drie Qualité's.

Vyf-en-negentig (95) van vanjaar se 821 ingeskrewe suiwelprodukte is as SA Kampioene vereer en Parmalat, Suid-Afrika se grootste produsent van suiwelprodukte, neem die voortou met 13 kampioene. Lancewood Holdings volg met 10, Fair Cape Dairies met sewe en Belnori Boutique Cheesery en Clover SA elk met ses.

## Qualité kaasproeë

Ter uitbreiding van die vennootskap tussen Agri-Expo en die Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging (SANSWV) word Qualité kase saam met dubbelgoud en goue Veritas wyne tydens drie eksklusiewe proegeleenthede aan ongeveer 1 200 lede van die publiek bekendgestel. Hierdie proeë vind plaas in Kaapstad, Johannesburg en Durban, en is ‘n uitstekende manier om die Qualitémerk as ‘n betroubare aanwyser van suiwelkwaliteit in Suid-Afrika te bevorder.

## Wes-Kaap/Boergondië Kaasmakersbeurs

Ses jong Suid-Afrikaanse kaasmakers is tydens die DuPont Qualité Toekenningsdinee aangewys as ontvangers van 'n studiebeurs na Boergondië, Frankryk. Agt-en-dertig leerling kaasmakers het reeds by dié praktiese kursus wat 'n wye spektrum van die maak en bemarking van kaas dek, baat gevind. Die meeste van die beurswenners is uit groeperings wat in die verlede minder toegang tot sulke geleenthede gehad het. As deel van die uitruilooreenkoms het ses Franse studente ook na Suid-Afrika gereis om ervaring van die Suid-Afrikaanse Suiwelbedryf op te doen. Hulle is tydens die aanbieding van die SA Kaasfees gedurende April 2014 deur Agri-Expo ontvang.

## SA Kaasfees

Meer as 32 000 besoekers met ‘n voorliefde vir kaas het opgedaag om die ongeëwenaarde verskeidenheid kaas en ander deli-produkte by die 13de SA Kaasfees vanaf 26 - 29 April 2014 op Sandringham terdeë te geniet.

Die uitdaging vir enige organiseerder van so ‘n groot geleentheid is om telkemale aan terugkerende besoekers ‘n vars ervaring te bied, asook om die logistiek voortdurend te verbeter vir ‘n onvergeetlike, veilige en kommervrye besoek. Terugvoer van die suiwelbedryf is dat die fees beslis die kalklig vir die maand van April op kaas hou en dat veral klein boetiekkaasmakerye gedurende die fees waardevolle blootstelling ontvang.

Met die 2014 tema “edutainment” het Agri-Expo weer daarin geslaag om ‘n feestelike kuierdag in die buitelug te skep, besoekers die geleentheid te bied om nuwe kaas, deliprodukte, wyne en ander gesogte produkte te ontdek, proe en geniet. Hulle het ook die geleentheid gekry om skouers te skuur met glanspersoonlikhede met ‘n passie vir kaas, demonstrasies by te woon deur top sjefs, wynmakers, broumeesters en ander kosdeskundiges en inligting te versamel om hul eie leefstylgrense te verskuif. Dit alles op ‘n pret manier met ‘n tikkie vermaak en informele interaksie.

Die SA Kaasfees bly steeds die grootste platform vir kaasmakers in ons land om hulle produkte in die bestek van ‘n paar dae aan kopers en verbruikers bekend te stel. Die stalletjies is in ses kategorieë beoordeel en die volgende wenners is aangewys:

| | | |
|---|---|---|
| Nasionale kaas | * | Simonsberg / Parmalat |
| Boetiekkaas | * | Langbaken Karoo Cheese |
| Wyn | * | Worcester Wyn- en Olyfroete |
| Verwante produkte | * | Pesto Princess |
| Spyseniering | * | The Charcuterie |
| Melkfabriek | * | Fleckvieh/ Simmentaler (vir die sesde agtereenvolgende jaar) |

Verskeie maatskappye is reeds vir baie jare finansiële vennote van hierdie gewilde geleentheid en die Genootskap bedank graag alle borge wat die SA Kaasfees ondersteun.

Die bemarkings- en mediaveldtog het weer met uiters suksesvolle mediadekking die boodskap van kaas oorgedra en besoekers na die fees gelok. Daar word toenemend van die bemarkingspan verwag om meer van sosiale media gebruik te maak waarvan die wye kring van blootstelling nog nie suksesvolle meetapparate het nie. Die bemarkingswaarde van blootstelling in die gedrukte media, op radio en TV het egter R17m beloop.

# Perdebedryf

## Agri-Expo Perdeskou

Na die sukses en belangstelling in die "Eventing" afdeling van die skou in 2012, is daar besluit om vir die 2013 skou, slegs op 'eventing' te konsentreer. 'n Omvattende aksie is vir die werwing van borgskappe geloods om Agri-Expo te ondersteun om die geleentheid op 'n vlak aan te bied wat goed kon vergelyk met 'n FEI 1* geleentheid. Ons bedank alle borge wat bygedra het tot die uitsonderlike dag wat deur een van die grootste skares in 'n baie lang tyd by 'n "Eventing" skou bygewoon is.

Hierdie geleentheid het ook die SA Volwasse Span Kampioenskap ingesluit wat deur die span van Gauteng gewen is. Ten spyte van die feit dat hierdie 'n SA Kampioenskap was, het die SA Eventing Komitee ongelukkig toestemming verleen dat 'n ander FEI Eventing skou gedurende dieselfde tyd aangebied word. Dit het daartoe gelei dat sleg twee spanne by die Agri-Expo skou meegeding het om te kwalifiseer vir die Inter Provinsiale Kampioenskappe en was daar geen individuele inskrywings nie.

Die internasionale baanontwerper, David Evans het opgemerk dat die hindernisbaan die beste was wat hy in Suid-Afrika teëgekom het.

## Veilings

**Cape Thoroughbred Sales (CTS)** het Agri-Expo gekontrakteer om hulle drie baie suksesvolle veilings aan te bied. Agri-Expo is verantwoordelik vir die logistiek van die stalle en die veilings terwyl CTS konsentreer op bemarking, die skep van katalogusse en die verkope van die perde. Hierdie het in 'n baie sterk vennootskap ontwikkel.

**Die R2miljoen Ready to Run Veiling** is gedurende November 2013 op die Durbanville Perderenbaan aangebied met 'n jong hings wat vir 'n Suid-Afrikaanse rekordbedrag van R4.5 miljoen verkoop is. Daar is 195 lotte aangebied teen 'n totale prys van R36 635 000 ('n 42% groei op 2012 se syfer) en 'n verhoging van 23% op die gemiddeld van R209 343.

Die Januarie 2014 **Cape Premier Jaaroudveiling – Boek 1** is by KIKS aangebied met 'n kleiner maar baie sterk katalogus, wat 'n totaal van R103 025 000 ('n 4.7% groei) opgelewer het, terwyl die gemiddeld van R572 361 'n stewige 18.5% verhoging getoon het. In 'n verrassende wending vir die boeke, het die merrievullens die jong

hingste getroef met twee gesamentlike top pryse vir merrievullens en een jong hings wat vir R3.2 miljoen verkoop is. Hierdie is die enigste volbloed perdeveiling in die wêreld wat in ‘n konferensiefasiliteit in die middel van ‘n stad plaasvind.

**Die Cape Premier Jaaroudveiling - Boek 2** is in Maart 2014 op die Durbanville Perderenbaan aangebied met ‘n rekord aantal perde wat uitstekende verkope opgelewer het. Die 290 jaarlinge wat aangebied is, het ‘n totaal van R38 545 000 behaal teen ‘n gemiddeld van R144 906. Die hoogste prys wat betaal is, was R1.5 miljoen – byna driemaal soveel as verlede jaar se hoogste prys van R575 000.

# Ledeskoue

## Ledeskoue

Agri-Expo tree op as borg by 22 landbouskoue wat lede is van die Genootskap en wat die beeld van landbou in hul omgewing bevorder. Verskeie nasionale, provinsiale en streekskampioenskappe van uitstaande gehalte word jaarliks by hierdie skoue aangebied. Diere en produkte verbeter jaarliks en veral die Nasionale Kampioenskappe lok groot belangstelling van orals in Suid-Afrika en ook internasionaal. Benewens hierdie aanbiedinge is daar ook jeugskoue, opkomende boerskoue en pluimveeskoue aangebied.

Agri-Expo het op 5 en 6 Junie 2014 ‘n Ledeskouekongres by die Protea Hotel, Stellenbosch aangebied op versoek van ledeskoue wat die behoefte identifiseer het vir veral nuwe bestuurslede om meer te leer oor die beplanning en aanbieding van ‘n skou. Agri-Expo se personeel het gedagtes en wenke aan skoue deurgegee oor hoe om hulself beter te posisioneer in die uitdagende skoubedryf van vandag.

Die algemene jaarvergadering van ledeskoue het tydens die kongres op 6 Junie plaasgevind. By hierdie vergadering is skoudatums vir die komende jaar bespreek asook uitdagings in die skoubedryf.

Landbouskoue in die Wes-Kaap is ‘n integrale deel van die gemeenskap op die platteland en vervul ‘n groot rol om landbouprodukte teen mekaar te meet en sodoende die kwaliteit daarvan te verbeter.

## Wes-Kaap Pluimvee Jonghoenderskou

Die jaarlikse Jonghoederskou is op 16 en 17 Mei 2014 op Kleinplasie, Worcester aangebied. Die doel van die Jonghoenderskou is om vertoners die geleentheid te gee om hul jong hoenders wat vir die eerste keer skou, teen mekaar te laat meeding.

‘n Totaal van 656 inskrywings is ontvang deur 31 vertoners wat 80 verskillende hoenderrasse verteenwoordig het. Die beoordelaars was baie tevrede met die gehalte van die pluimvee en heelwat lede van die publiek het dit bygewoon. Die opkoms van jong telers het veral beïndruk.

## Wes-Kaap Pluimvee Klubskou

Die jaarlikse Wes-Kaap Pluimvee Klubskou is vanaf 5 tot 7 Junie 2014 op Kleinplasie, Worcester aangebied en ‘n totaal van 1 409 inskrywings is van 43 vertoners ontvang. Hierdie inskrywings het 89 verskillende rasse hoenders, ganse, kalkoene en eiers verteenwoordig. Ten spyte van wisselende weerstoestande en lang afstande, het vertoners werklik moeite gedoen met die voorbereiding van hul inskrywings. Die beoordelaars was deurgaans beïndruk met die gehalte, kondisie en voorkoms van die pluimvee.

Ter voorbereiding vir die komende Nasionale Jeugskou Kampioenskappe het die jeugskou-leerlinge hul teoretiese en praktiese eksamens afgelê.

Hierdie skou het vanjaar besonder groot belangstelling onder die algemene publiek geniet. Agri-Expo is trots op die wyse waarop die Wes-Kaap Pluimvee Klub die skou en rasegtheid van pluimvee bevorder.

## Wes-Kaapse Veteraantrekker-en-enjinklub

Die Wes-Kaap Veteraantrekker-en-enjinklub het die Nasionale Skou vanaf 8-11 Augustus 2013 in Villiersdorp aangebied. Hierdie instansie bewaar die geskiedenis van ons landboubedrywighede en daarom tree Agri-Expo as borg by hulle jaarlikse skou op.

’n Rekord getal besoekers was by die Nasionale Skou en het die voorreg gehad om ongeveer 230 veteraantrekkers, 50 stilstaande enjins, groot hoeveelhede plaasimplemente, twee werkende smidswinkels, twee stoommasjiene en vele meer te sien. Behalwe die gewone aanbod van gerestoureerde en ongerestoureerde enjins en plaasgereedskap kon besoekers sien hoe brood gebak, kaiings uitgebraai en witblits gestook word. Die tema van die skou was ‘die ontwikkeling van die vrugtebedryf’ wat ook die inspirasie was vir die uitstalling van baie geskiedkundige toerusting.

Die Villiersdorp Klub het ’n enorme projek aangepak om die Alwyn Vintcent, die laaste stoomsleepboot wat in Suid-Afrikaanse waters gewerk het, te restoureer. Die feit dat die boot tydens die ekspo besoek kon word, het ook baie bygedra tot die groot belangstelling in vanjaar se ekspo.

Die Agri-Expo wisseltrofee vir die beste en mees entoesiastiese klein klub in die Wes-Kaap is deur die Villiersdorp Klub verower.

# Jeug

## Jeugskou

Agri-Expo tree op as hoofborg van die Wes-Kaap Landbou Jeugvereniging. Hierdie is ‘n onafhanklike organisasie wat hom beywer vir die bevordering van landbou onder die jeug in die Wes-Kaap deur middel van jeugskoue. Sewe streekskoue is aangebied met 588 kinders wat deelgeneem het - die grootste getal ooit in die geskiedenis van jeugskoue in die Wes-Kaap. Hierdie Streekskoue is aangebied by: Swellendam 110, Eden 91, Cederberg 140,

Overberg 50, Swartland 52, Herold 68 en Boland 77. Deelnemers moet by hierdie streekskoue kwalifiseer om uitgenooi te word na die Agri-Expo Wes-Kaap Kampioenskappe.

Leerders neem deel aan die volgende afdelings:

- **Swellendam:** Vleisbees, Suiwelbees, Perde, Melkbok en Wolskaap
- **Eden:** Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap, Pluimvee en Perde
- **Cederberg:** Melkbok, Boerbok, Angorabok, Wolskaap, Vleisskaap en Kulinêre Kuns
- **Overberg:** Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap en Vleisskaap
- **Swartland:** Vleisbees, Wolskaap, Vleisskaap, Melkbok, Boerbok en Angorabok
- **Herold:** Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap, Boerbok, Melkbok en Angorabok
- **Boland:** Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap en Melkbok

'n Ontwikkelingskursus is ook vanjaar vir leerders van Laerskool FD Conradie op Prins Alfred Hamlet aangebied. Die Wes-Kaap Landbou Jeugvereniging streef daarna om nuwe leerlinge aan te moedig om aan jeugskoue deel te neem ten einde die jeugskoukonsep uit te brei na skole wat nie bewus is van hierdie sport nie.

Die Agri-Expo Wes-Kaap Jeugskou Kampioenskappe is op 4, 5 en 6 Mei 2014 in Clanwilliam aangebied en die standaard van die deelnemers reg oor die provinsie was van hoogstaande gehalte. 'n Totaal van 115 leerders het deelgeneem.

Die Nasionale Jeugskou Kampioenskappe is in September 2013 in Kroonstad aangebied. Die Wes-Kaapspan het vanjaar die botoon gevoer en is vir die agtste agtereenvolgende keer as die kampioene van hierdie kompetisie gekroon. Die span het vanjaar 15 goue medaljes, 11 silwer en 10 brons medaljes verower.

## Landbouskole

Landbouskole speel 'n uiters belangrike rol in die toekoms van landbou in die Wes-Kaap en word daarom finansieel deur Agri-Expo ondersteun na gelang van hul behoeftes.

Agri Expo beloon jaarliks die beste leerders in elke graad, asook leerders wat bo hul vermoë op akademiese en landbougebied presteer het deur beurstoekennings by die landbouskole se prysuitdelings.

# Algemeen

## Vroue in Landbou

## Vroue Landbouvereniging Kaapland (VLVK)

Die VLVK se 84ste jaarkongres is vanaf 20-22 Augustus 2013 in Durbanville aangebied. Agri-Expo is ‘n finansiële vennoot van die vereniging en fondse word beskikbaar gestel sodat die kongres op ‘n volgehoue kwaliteitsbasis aangebied kan word en vir die opleiding van beoordelaars. Die nuwe tema vir die volgende jaar - ‘Verskuif jou grense’ - is met die kongres ingelei.

Op 6 Februarie 2014 het VLVK sy 85ste verjaardag op die plaas Eensgezind naby Durbanville gevier. Mev Rabie, Bemarkingsbestuurder, het die heildronk namens Agri-Expo op VLVK by hierdie geleentheid ingestel.

# Ander

## Landbouskrywers SA

Agri-Expo is gasheer vir die Landbouskrywers SA se jaarlikse fotokompetisie en het die inskrywings en logistieke reëlings hanteer vir die beoordeling wat op 1 November 2013 by Agri-Expo se kantore in Durbanville plaasgevind het.

Sewe fotograwe het net minder as 100 foto’s vir hierdie prestige kompetisie ingeskryf en die paneel van sewe beoordelaars het mnr Johan Norval se foto, ‘Awassi-ramme’ aangewys as Landboufoto van die Jaar. Mnr Johan Norval is ook as Landboufotograaf van die Jaar aangewys met sy portefeulje foto’s wat die meeste punte ontvang het.

## Bewaring

Agri-Expo ondersteun reeds verskeie jare projekte van die World Wildlife Fund (WWF). Vanjaar was die WWF een van die begunstigde organisasies wat voordeel getrek het uit die aanbieding van die jaarlikse SA Kaasfees. Die fondse word onder andere aangewend vir projekte soos die Karoo Eko-skoleprogram en die bewaring van bedreigde dierespesies. Agri-Expo tree as Silwerborg op vir hierdie besonderse organisasie.

## Royal Agricultural Society of the Commonwealth (RASC)

As lid het die Genootskap vanjaar besoek vanaf die RASC ontvang. Mnr Michael Lambert, Media Sekretaris van die RASC het met die Hoof Uitvoerende Beampte vergader. Dit is dan ook met groot hartseer dat die Genootskap verneem het van die afsterwe van mnr Philip Bolam, Ere-Pers Sekretaris van die RASC en goeie vriend van die Genootskap. Mnr Bolam was destyds die amptelike verteenwoordiger van die RASC tydens die Genootskap se 175-jaar vieringe en het die groete en gelukwensingsboodskap vanaf Sy Edele die Duke of Edinburgh kom oordra.

# Intern

## EXSA toekenning

Die 2013 SA Kaasfees het die EXSA (Exhibition and Event Association of Southern Africa) toekenning ontvang vir Beste Buitelug Aanbieding in Suider-Afrika in die Bedryf en Verbruiker kategorie van 12000m² en groter. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar en die vierde maal wat die Kaasfees hierdie toekenning ontvang het sedert Agri-Expo in 2007 ‘n lid van EXSA geword het.

## Personeel

Agri-Expo het nog altyd ‘n leidende rol op die verskeie terreine waarbinne hy funksioneer, gespeel. Om by nuwe uitdagings en die veranderde omgewing aan te pas, is ‘n strategiese beplanningsessie met die Raad en Personeel van die Genootskap gehou. Een van die belangrikste uitkomste was ‘n herstrukturering van die Genootskapstruktuur. Dit was noodsaaklik om interne posverskuiwings te maak ten einde nuutgeskepte poste te vul.

Ons verwelkom graag vir Razelle Segers wat by die Genootskap aangesluit het as Ontvangsdame/Sekretaresse, Elsa Visser as Events Assistent en Porchia Adams as Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie. Dit is vir Agri-Expo ‘n voorreg om individue van hierdie kaliber by die Genootskap se dinamiese span te kan voeg.

Na meer as 30 jaar se diens aan die Genootskap het ons ook vanjaar afskeid geneem van Memory Kalis wat weens gesondheidsredes op vroeë aftrede moes gaan. ‘n Oorkonde waarmee die Raad, lede en personeel van die Genootskap haar kon bedank vir haar onbaatsugtige dienslewering, positiewe ingesteldheid teenoor haar werk en die lewe, is by ‘n gepaste geleentheid aan haar oorhandig. Die vriendelike wyse waarop sy vertoners en uitstallers hanteer het, het bygedra om Agri-Expo te vestig as ‘n dinamiese organisasie.

## Finansies

Dit is weereens verblydend om te rapporteer dat Agri-Expo se fondsbestuurders hulle prestasiedoelwitte bereik het en in meeste gevalle ver oortref het. Die totale beleggingsportefeulje het inflasie met meer as 10% uitpresteer wat Agri-Expo se beleggings in ’n baie positiewe posisie vir die jaar geplaas het.

Indien aanvaar word dat aandele die hoofdrywer van meeste fondse in die algemeen was, is die opbrengs nog meer verblydend aangesien daar in die totale portefeulje slegs 18% blootstelling aan die plaaslike aandelemark en 11% blootstelling aan die buitelandse aandelemark was. Met slegs 29% blootstelling aan aandele is hierdie opbrengste verkry. Dit onderskraag die vorige beleggingskuiwe en daar word geglo dat verdere veranderinge ten opsigte van diversifikasie die portefeulje nog meer in die toekoms kan beskerm.

In die vorige jaar se verslag het ons aangedui dat die beleggingspan glo dat rentekoerse op ’n laagtepunt was. Gedurende die afgelope jaar het ons dan wel die eerste rentekoersverhogings gesien. Die laaste verhoging was slegs 0.25% wat in lyn is met die verwagting dat rentekoerse stelselmatig sal verhoog oor die volgende paar jaar.

Met inflasie wat ook op sy hoogste vlakke in jare is en die rand wat verswak, is dit moeilik om te bepaal wat die mark gaan doen. Meeste fondsbestuurders dui aan dat hulle voel die aandelemark is redelik hoog.

Dit is vervolgens belangrik om net weer te noem dat Agri-Expo se portefeulje in wese saamgestel is om ’n opbrengs van inflasie plus 3% tot 4% te behaal. Die uitprestasie van meer as 10% bo inflasie moet gesien word as bo verwagting en daar kan selfs ’n kans wees dat onderprestasie kan plaasvind na ’n jaar soos vanjaar. Ons glo wel dat ’n onderprestasie se waarskynlikheid baie beperk kan word met verdere diversifikasie sonder om die geleentheid van groei te verloor.